

VLUGTENDE VROU – XII

Vernielingswerk op 'n Plaas

DIS 1899: die begin van donker dae vir die Afrikanervolk. Op 5 Oktober word my man opgekommandeer na Colesberg waar hy drie maande gebly het. Ek het agtergebly op my teenswoordige plaas met my twee seuntjies, der tien en tien jaar oud onderskeidelik. Intussen is my eggenoot na Bloemfontein, en nadat die Engelse die hoofstad ingeneem het, kon hy veertien dae lank huis-toe kom. Voor die rustyd egter verstryk was, moes hy na Roodepoort en Witzieshoek om daar te help veg. Nadat Prinsloo oorgegee het met driehonderd man, moes die Boere baie rondvlug en -veg. My oudste seuntjie is nou saam met sy vader op kommando, en ek en die jongste enetjie moes alleen agterbly.

Na die gevegte by Lindley, sou die Engelse oor my plaas moes trek om by Reitz te kom, sodat ek verplig was om te vlug. Ek moes net haastig die kar laat inspan, en kon net die nodigste goedjies inpak, o.a. 'n verebed en kussings. Die wa, wat ons vol huisraad en gereedskap gelaai het, het in my vlug in die slag gebly, maar ek het veilig uitgekom met my kar en perde en die nag by Malanspos gaan slaap. 'n Klompie Boere, waaronder ook my eggenoot, het my baie gehelp om te ontvlug deur op die Engelse afdeling te skiet. By my terugkeer op die plaas het ek verstom gestaan oor die verwoesting wat aangerig is. Daar het onder andere 'n doolie varksog gelê waaraan die ses kleintjies nog probeer suip het. Dit was heeltemal duidelik dat die vark se blad afgekap is toe sy nog geleef het en dat sy toe so daar gelaat is om dood te gaan.

Die proklamasie om vrouens en kinders gevange te neem, was toe al uitgevaardig, maar ek was so gelukkig om te ontvlug. In Februarie 1901 het die Engelse vroeg op 'n Maandagoggend hul verskyning op my plaas gemaak en daar gekampeer. Die pluimvee het die eerste aan die beurt gekom, en my seuntjie en 'n Hottentotjie moes help doodslaan.

Die hoofoffisier beveel my intussen om sy perd vas te hou terwyl ek woens protesteer en skree:

„Oh! No! Take your perd!”

Ek wou die wilde dier met geweld los, maar hy het gedreig om my 'n hou te gee, as ek dit sou durf waag. Hy het dadelik begin om die huis te visenteer, en nadat hy goed rondgesoek het of daar nie Boere in en om die huis was nie, het almal afgesaal. Hulle was ook skaars klaar hiermee of die huis word binnegestorm en alles wat daar was, verwoes. Ons het die vorige Sondag laaste geëet, maar al die kossies op die vuur het hulle buitgemaak. Eindelik het hulle op 'n trommel appels afgekom en heerlijk gesmul. Naderhand is daar 'n kis klere uitgepak en daarin vind hulle 'n swart hoedjie van oorlede moeder. Dadelik word sekere „Billy” geroep en die hoedjie aangebied, daar hy die vorige middag sy hoed verloor het. Ewe potsierlik het „Billy” toe die hoedjie opgesit en allerhande gebare gemaak onderwyl die hele spul skater van die lag.

Met die kind vas teen my gedruk, het ek die hele tyd alles sit en aanskou. My kersie, vuurhoutjies en 'n flessie medisyne het ek op my luf weggesteek. Alhoewel ek niks van hul taal verstaan het nie, kon ek partymaal nie my lag hou vir al die gebare nie. Maar Afrikaner-trots en woede het my teruggehou om te lag. Later het die kis daarop ek gesit het ook aan die beurt gekom. Onderwyl hulle dit uitpak, hou ek 'n bondeltjie klere krampagtig vas.

„What is that?” vra die offisier en wil dit gryp.
„No! No! its my ,baabies'-klere,” sê ek benoud.
„Where is the baby?” vra hy en kyk my ongelowig aan.

Hulle het nou meer notisie begin neem van die seuntjie en besluit om hom saam te neem na die bloklyn as hulle weggaan. Ek maak heftig beswaar en sê dat hy sinkingkoors in die been het.

„Nee wat,” sê een van die Boere wat by die Engelse aangesluit het, „ons noem dit sommer familiesekte.”

(Enkele ondervindings van Mev. S. GUNTER van Krcmelleboeg, P.K. Brighton, Bethlehem.

Opgcteken deur haar kleindogter, Mej. J. GUNTER)



Mev. S. Gunter en haar eggenoot, wat enige jare gelede oorlede is.

Daar was ook 'n dokter by hulle wat toe seker maar uit jammerte die kind se been verbind het. Die kind hou hom dan ook baie kruppel, en om seker te maak dat hulle my kind met rus sal laat, neem ek dié aand 'n klomp olieboomblare en draai dit om die been. Die volgende oggend was die been blare getrek en regtig seer. Daardie aand het ons niks gehad om mee te gaan water haal nie, en onderwyl ek by die offisier om 'n skepingetjie soebat, gee een van die Hottentotte my ketel aan my terug. Ons het toe ons drinkwater by dieselfde spruit gaan skep waarin die Engelse die hele middag geswem het.

Dié nag het my kind en ek onder 'n afdakkie gelê, want die deure en vensters van die huis was uitgebreek en die vertrekke het vol troepe gelê. Die offisier het my darem beloof om 'n wag oor my te sit sodat die Kaffers ons nie kan hinder nie. Ek steek toe my kersie op, maar moes dit weer op bevel uitblaas, want die lig sou dan die kampsplek verraa. Die angs en vrees wat ek daardie nag moes uitstaan, sal ek nie lig vergeet nie. Die volgende oggend het hulle vertrek, en

LENTELIEFDE

Lentelawe, lentelus,
Gewetes aan die slaap gesus –
Scmeraande, scmergroen,
As die maan die aarde soen –
Najaarsvrugte, najaarsblcm,
En vervulling wat moet kcm.
Winterkoue en liefdeskind –
Is daar skuiling teen die wind?

HILDA STEYN

een van die offisiere het my kos aangebied, wat ek dankbaar aangeneem het. Toe alles rustig en stil was, het ek na die verlate staanplek gegaan en heelwat bruikbare goedjies daar opgetel soos kouse, sout, ens.

Ons was honger en ek het met groot moeite 'n bokkie by 'n Kaffer gekry om te slag. Daar het ek toe nie eens 'n mes of 'n pot nie. Meteens val dit my te binne van 'n kledingstuk se hoepeltjie wat in 'n ou boom agter die huis steek. Dit word sorgvuldig geslyp, en die bok word geslag. Onderwyl ek besig was om die lewer te braai, het daar twee Boere aangekom om te kyk of ek nog daar was. Hulle het, so sê hulle, vir my 'n biduurtjie gehou op 'n naburige koppie.

'n Maand na hierdie gebeurtenisse is my dogtertjie gebore.

Dis 1902. Die Afrikanervolk is diep teleurgesteld en verbitterd. Ons huisgesinnetjie was gelukkig om so gespaar te bly en dat ek en my kinders nie na 'n kamp gestuur is nie.

Ons het nou maar agtien skapies gehad, waarvan party se oë uit was en ander se bene af. My man en kinders het velklere en -skoene gedra, en baie ander benodigdhede is van sak gemaak as ons dit kon kry. Ons het tien bokkies gekoop vir slagvee, waarvan ons net die bene weggegooi het. Selfs die bloed is gebruik en ook die mis om die vloertjie mee te smeer.

Ons was doodarm. Maar dankbaar het ons geworstel om 'n bestaan.

Tot Afskeid van Ons Hollandse Psalmboek

(Vervolg van bladsy 55.)

Daar is nog twee Psalms wat spesiaal genoem moet word. Nie dat ons dan daarmee al die mooiste Psalms aangehaal het nie (want per slot van rekening speel persoonlike smaak ook 'n groot rol hierin), maar hierdie twee moet genoem word omdat hulle miskien meer as die ander Psalms volksange geword het.

Die eerste is Ps. 134 en die tweede is Ps. 146. Dink net 'n oomblik na by watter geleentheid ons hierdie twee Psalms nie sing nie! Op verjaardae, by die aflê van die belydenis, as 'n familielid of as ons predikant op die punt staan om te vertrek, of voor 'n groot beslissing of onderneming staan, en by soveel meer geleentheid sal so iemand deur sy huisgenote, sy vriende, deur die gemeente biddend toegesing word:

„Dat 's Heeren zegen op u daal,
„Zijn gunst uit Zion U bestraal.”

En dan Ps. 146! Hoe is ons nie verknog aan hierdie Psalm nie. Ons kan byna nie aan 'n gebeurtenis in ons kerklike of maatskaplike lewe dink nie of hierdie lied word uit volle bors aangehef. In 'n heel besondere mate het hierdie Psalm die geleentheidsang van ons volk geword....

Waar die Nederlandse Psalmboek in ons land nou die plek moet ruim vir ons Afrikaanse beryming en in verskeie gemeentes hom reeds 'n afskeid toegesing is, wil ons hom met hierdie paar woorde van waardering ook 'n afskeid toeroep en die Afrikaanse beryming dankbaar aanvaar. Ook hierin moet ons die weg van God vir ons Afrikaanse volk sien en gelowig, dankbaar juig:

„Prijs den Heer met blijde galmen;
Gij, mijn ziel, hebt rijke stof;
'k Zal, zoo lang ik leef, mijn psalmen
Vroolijk wijden aan Zijn lof;
'k Zal, zoo lank ik 't licht geniet,
Hem verhoogen in mijn lied.”